

5 Oktober

Skrifgedeelte: Markus 9:14-29

Fokusgedeelte: NGB, Art 22

Geloof is nie 'n goeie werk nie

Dit is of ons Skrifgedeelte 'n klein voorbeeld van die hele wêreld is. Ja, ook in ons wêreld is die Bose teenwoordig en oefen hy sy verderflike invloed uit. Die lyding wat mense van jongs af beleef, die wanhoop van hulle ouers, die magteloosheid van omstanders en selfs die kerk om iets aan die swaarkry van mense te doen is nie net tot ons Skrifgedeelte beperk nie. Dit is maar soos die lewe vandag ook lyk.

In hierdie wêreld kom Jesus. Hy kom van die berg van verheerliking af (Mark 9:2-8) in die dal van demone in. Waar Jesus kom, bring Hy sy koningskap saam. Die heerlikheid van die berg van verheerliking breek deur in die vreeslikheid van die dal van verskrikking. Hierdie heerlikheid en oorwinning behoort ook aan die volgelingen van Jesus Christus. Al wat nodig is, is GELOOF! Jesus sê (vers 23): "Vir die een wat glo, kan ALLES."

Tog kon sy dissipels niks regkry nie. Vir hulle was geloof 'n goeie werk, 'n oortuiging wat met eie wil en krag die oorwinning wou afdwing. Ware geloof is egter presies die teenoorgestelde. Dis 'n persoonlike onmag, 'n desperate omhelsing van Christus en sy verdienste, soos die pa in ons Skrifgedeelte doen (vers 24).

Sulke geloof het ook sy twyfel (vers 29), maar twyfel en al is dit 'n afhanklikheidsverklaring, 'n gebed wat vasgryp aan die heerlikheid en oorwinning van Hom wat in die hemel aan die regterhand van God die Vader sit. Bid dat hierdie heerlikheid en oorwinning van Christus ook vandag in jou leefwêreld sigbaar mag word. Aan Hom is alle mag in die hemel en op die aarde gegee (Matt 28:18).

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)